

## VERANTWOORDBAARHEID IN MAATSKAPLIKE SORG: 'N KONSEPTUELE ANALISE<sup>1</sup>

*Prof Anton van Niekerk is die direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Etiek, Universiteit van Stellenbosch*

### ABSTRACT

*In this article, the concept of "accountability" is submitted to a philosophical conceptual analysis, pertaining, in particular, to its relevance for social work. The author argues that the concept gains actuality in our current situation because of the increase in violent and white-collar crime, but also because accountability is an inevitable desideratum of a process of democratization. He analyzes the concept with reference to its meaning in the close interaction between individual and community, the tension between autonomy and limitless freedom, the moral demand that acts be universalizable, and the need for a self-critical attitude. He goes on to analyze the similarities and differences between accountability and responsibility, drawing on work done by Hans Jonas on responsibility. He concludes with remarks on the instances/parties to whom social workers are accountable, and, in this connection, distinguishes between five kinds of accountability, viz. administrative, political, collegial, professional and moral.*

Waarom is verantwoordbaarheid tans so 'n prominente kwessie in die Suid-Afrikaanse openbare gesprek – tot so 'n mate, naamlik, dat die begrip oral sy kop uitsteek, tot en met in die jongste Witskrif oor Maatskaplike Werk (vgl. White Paper for Social Welfare, Chapter 2, punt 15)? Verskillende redes sou hiervoor aangevoer kon word. 'n Eerste rede is sonder twyfel die *krisis in moraliteit* wat ons reeds die afgelope dekade ervaar, met die gepaardgaande proliferasie van misdaad – en daarby nie slegs gewelddadige misdaad nie, maar veral ook nie-gewelddadige, sg. witboordjiemisdaad (meesal bedrog en korrupsie). Helen Rehr merk in dié verband tereg op:

*The current concern with professional responsibility and accountability is symptomatic of broader concerns with inequities, misuse, fraud, and abuse in general. The growing interest is the result of the breakdown in values and ethical behavior, particularly within the human services professions, and the failure of professions to be concerned with the "public good". The result is a two-way dilemma: growing suspicion, doubts, and demands on the part of the public and a rising wall of self-protection by the providers. (Rehr, 1979:1)*

Suid-Afrika se misdaadsituasie is skrikwekkend. Die jongste beskikbare syfers (September 2002) bring aan die lig dat daar gemiddeld 149 verkragtings, 59 moorde en 86 pogings tot moorde *daaglik* in Suid-Afrika plaasvind. Die jongste Jaarverslag (vir die tydperk April 2001 tot Maart 2002) oor misdaad wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Polisiediens vrygestel is, vermeld dat 47.4 uit elke 100 000 mense vermoor word – 'n syfer wat in 1994-95 67.2 was; daar is dus 'n dalende tendens! In die tydperk wat deur die verslag gedek word, is 57 726 moorde ondersoek. Moorde het sedert 1994-95 met 29% afgeneem. Verkragtingsyfers bly egter relatief konstant: in die aangeduide mees onlangse periode is 199.4 uit elke 100 000 mense verkrag, en dit verskil nie

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op 'n referaat met dieselfde titel wat gelewer is by 'n konferensie van die NG Kerk se Maatskaplike Dienste op 19 September 2002 in Durbanville. My dank aan ds Willie van der Merwe vir sy uitnodiging aan my om die referaat te lewer, en aan prof Sulina Green wat die aanvanklike manuskrip gelees het en waardevolle kommentaar daarop gelewer het.

noemenswaardig van vroeëre syfers nie. Uit elke 100 000 mense was 670.3 in hierdie tydperk die slagoffer van huisbraak, 214.5 (uit 100 000) se voertuie is gesteel en 1277 (uit 100 000) was die slagoffers van gewone diefstal. In 2001 het die gesinsgeweldeenheid, die kinderbeskermings-eenheid en die eenheid i.s. seksuele oortredings 32 518 sake ondersoek en 8 024 navrae beantwoord. Die totale waarde van dwelms wat opgespoor en gekonfiskeer is, is R1 miljard. Altesaam 114 162 voertuie is in die aangeduide tyd gesteel, waarvan 51 986 teruggevind is. Tans is daar een polisie-lid vir elke 461 mense; die hoop, volgens die verslag, is dat dit sal verbeter na een vir elke 389 teen 2006 (Brits, 2002).

Maar ons het net so 'n groot probleem met sg. "witboordjiemisdaad" – in die openbare en privaatsektore – as met geweldsmisdade en "gewone" diefstal. Shaw en Camerer wys daarop dat die Suid-Afrikaanse staat in die vorige dekade omtrent R17 miljard per jaar verloor het weens belastingontduiking (Shaw & Camerer, 1996:55). Op 31 Desember 1995 het die Kommersiële Tak van die SANP 25 260 gevalle van witboordjiemisdaad gehanteer wat sowat R7.3 miljard beloop het (Shaw & Camerer, 1996:56). Die situasie is ewe kommerwekkend in die privaatsektor. In 'n studie wat deur Unisa se Departement Kriminologie gedoen is en waarin 200 sake-ondernemings ondervra is, is bevind dat 20% van hierdie ondernemings finansiële verlies gely het van meer as R50 000 per jaar vanweë bedrog deur mense in hul diens. Ernst en Young het 'n opname gedoen in 1998 wat aan die lig gebring het dat soveel soos 80% van maatskappye wat in Afrika ondervra is, bedrog oor die afgelope jaar ervaar het. Van hierdie maatskappye, het 33% meer as vyf keer in 'n enkele jaar met bedrog te make gehad (Rossouw, 2002:157). 'n KPMG opname oor bedrog in 1999 het aangetoon dat soveel soos 86% van sakelui wat ondervra is, verwag dat bedrog sal toeneem, teenoor slegs 3.5% wat verwag dat dit sal afneem (Esterhuyse, 2001).

Gegee hierdie realiteite, is dit nie vreemd dat verantwoordbaarheid 'n al hoe groter aandrag in ons samelewing word nie. Daar is egter ook 'n *tweede* rede waarom verantwoordbaarheid tans so prominent in die geding is. Dit is nl. onvermydelik dat ons al hoe meer oor verantwoordbaarheid sal praat *namate die implikasies van die feit dat ons in April 1994 formeel 'n demokrasie geword het*, begin deurwerk – ek sê formeel, want of ons natuurlik ook *de facto* reeds 'n werklike demokrasie is, is seker debatteerbaar. Alvorens ons nader op die begrip begin ingaan, laat my voorlopig net sê dat "verantwoordbaarheid" in sy eenvoudigste sin gewoon beteken dat 'n mens of 'n instansie verantwoordbaar is *wanneer daar 'n antwoord verskuldig is*. Dit beteken doodgewoon dat verantwoordbaarheid betekenis verwerf in 'n konteks waarin mense nie kan doen wat hulle wil sonder die moontlikheid dat een of ander vorm van rekenskap vir wat hulle aanvang, van hulle geëis kan word nie.

Verantwoordbaarheid is 'n waarde wat slegs plek het in 'n demokrasie; in nie-demokratiese samelewings, soos die ou Suid-Afrika, was dit juis aan die orde van die dag dat sekere mense – veral diegene in magposisies – gereken het dat en opgetree het asof rekenskap van wat hulle doen, geen vereiste is nie. Dat verantwoordbaarheid 'n waarde is wat slegs plek het en funksioneer in 'n demokrasie, word bevestig deur Karl Popper se bydrae<sup>2</sup> dat demokrasie ten diepste nie gedefinieer moet word deur die idee dat 'n meerderheid regeer of alle besluite neem nie. Meerderhede kan immers despoties regeer, en in die proses minderhede se legitieme aansprake en aspirasies vertrap. Demokrasie, so leer ons by Popper, is veeleer 'n samelewing wat gekenmerk word deur die verskansing van instellings wat openbare kritieklewering moontlik maak en verseker, bv. vryheid van spraak en vergadering, 'n vrye pers, 'n onafhanklike regbank, vrye verkiesings, en dergelike meer. Die basiese vraag in 'n demokrasie is nie *wie moet regeer?* nie, maar: *hoe kan ons ons teen swak regering beskerm?* Regering is 'n noodsaaklike ewel, en die

2 Vgl. veral Popper 1945 (vol. 2): 120 vv. Vgl ook Magee, 1973: 74-107; Van Niekerk, 1999.

waarde van demokrasie is dat dit ons in staat stel om verskillende moontlike euwels teen mekaar op te weeg en te kyk of ons nie kan wegkom met die een wat die minste skade aanrig nie. Dis slegs in so 'n samelewing – 'n samelewing waar die moontlikheid en reg tot kritieklewing geïnstitutionaliseer is – dat verantwoordbaarheid vir mense 'n belangrike waarde word. Want verantwoordbaarheid beteken dat daar rekenskap afgelê moet kan word van wat mense aanvang, veral as hulle openbare bronne inspan, beheer en gebruik. Daardie rekenskap is 'n respons op die kritiese interaksie wat die lewensbloed van 'n ware demokrasie is.

Dis altyd 'n vraag hoe gemaklik die kerk en die Christelike teologie met die begrip “demokrasie” is of kan wees. As ons kyk na die geskiedenis, moet ons ongelukkig erken dat kerke se hedendaagse omarming van die demokrasie 'n taamlik onlangse verskynsel is. Vir 'n instelling wat, op voetspoor van teksgedeeltes soos Romeine 13 glo dat (letterlik) alle gesag van God af kom, was dit deurgaans maar ongemaaklik om te byt aan 'n samelewingsorde waarin gesag kennelik ontleen word aan die stem en wil van die mense. Die Christelike kerk het, om dit sag te stel, 'n taamlik ongelukkige geskiedenis van alte noue bande met gesagvoerders en regeerders wat as die ergste vyande van demokrasie gereken sou kon word, wisselend vanaf Konstantyn en Karel die Grotes in die Middeleeue, via die promiskue avonture van Hendrik VIII in Engeland en die totalitêre regimes Lodewyk XIV en XVI in 18de eeuse Frankryk, tot by die erbarmlike swye van Pous Pius XII tydens die Holocaust en, les bes, die volgehoue apartheid-kettery van die NG Kerk in die jare tot ongeveer 1990 in Suid-Afrika. Genadiglik is daar ook en selfs vir die Kerk vergifnis. Die kerk leef nou in 'n nuwe wêreld waarin daar uiteindelik vrede gemaak moet word met die idee dat politieke mag – ook al is daardie mag, teologies gesproke, verantwoording verskuldig aan God in die laaste oordeel – nie ontleen word aan 'n outoritêre dekreet nie, maar aan die wil van die mense. Verantwoording aan God is daarom nie los te maak van verantwoording aan die mense wat regerings en owerhede in aansyn roep nie.

Ek dink nie daar is, teologies gesproke, sprake van 'n wesenlike spanning tussen verantwoording aan God of aan mense in hierdie verband nie. Dink, as voorbeeld, slegs aan die merkwaardige gelykenis van die getroue en die ontroue slaaf in Mat. 24:45-51, asook die gelykenis van die muntstukke in Mat. 25:14-30. In albei hierdie gelykenisse gaan dit om die Heer van die huis wat 'n tyd weggaan, verantwoordelikhede opdra aan sy diensknegte, en by sy terugkeer van hulle verantwoording of rekenskap opeis. Sy oordeel is gunstig oor die slaaf in die eerste gelykenis wat behoorlik na sy mede-diensknegte se fisiese welstand omgesien het, asook oor die slawe wat met hul muntstukke gewoeker en dit verdubbel het. Maar sy oordeel is eweneens verdoemend oor die slaaf wat sy muntstuk begrawe of die een in die eerste gelykenis wat, soos dit daar staan “die ander slawe begin slaan het en saam met die dronkaards eet en drink” (24:49). Die punt van hierdie gelykenisse, lyk dit my, is dat verantwoordbaarheid teenoor die Heer in eerste en laaste instansie beteken dat verantwoordelikheid geneem word vir die gawes wat Hy vir ons nalaat, maar veral ook vir die mense wat Hy aan ons toevertrou. Sonder dat ek presies verstaan wat ek sê as ek dit beweer, moet ek dit nogtans sê: *in die naaste* – en veral die naaste in nood, die voorwerp van maatskaplike sorg – *is die Heer self op een of ander manier teenwoordig*. Vir soverre ons iets goeds of slegs aan een van die geringstes van Sy broeders wat ons verantwoordelikheid is, doen, het ons dit aan Hom gedoen. Daarom behoort die begrip verantwoordbaarheid, veral ook in 'n maatskaplike verband, geen vreemde idee te wees vir 'n kerk wat sy roeping tot maatskaplike sorg ernstig opneem nie. Om aan God self verantwoordbaar te wees, is gewoon om 'n antwoord skuldig te wees aan hulle wat die samelewing met my deel. Daarin lê iets van die geheimenis van ons lewe *coram deo* – voor die aangesig van God.

Laat ek egter my hand nie oorspeel met teologiese interpretasies en my aldus begewe op 'n terrein waar ek 'n blote amateur is nie. Ek keer liever terug na die konseptuele analise van die begrip “verantwoordbaarheid”. Kom ons let op die volgende punte wat in so 'n analise gemaak kan word:

1. Die eerste wat 'n mens van hierdie begrip opval, is die *noue interaksie van individu en gemeenskap* in alle pogings om dit te verstaan. Om verantwoordbaar te wees, is om, as individu, geroep te word tot 'n antwoord, tot rekenskap oor wat jy aangevang het. Maar dit wat dit moontlik maak dat daardie appél uitgaan, is presies 'n *gemeenskap* waarvan die individu lid is. Verantwoordbaarheid is 'n waarde wat belangrik word presies omdat 'n mens die *dinamika van individu en groep* vir ons menswees verstaan en ernstig opneem. Deur verantwoordbaar te wees, erken 'n mens dat jy *toerekeningsvatbaar* is.
2. Terwyl die begrip “verantwoordbaarheid” dus, eerstens, verstaan moet word in die spanningsveld van individu en groep of gemeenskap, moet dit in die tweede plek ook verstaan word binne die *spanningsveld van outonomie en bandeloosheid*. Verantwoordbaarheid beteken enersyds dat 'n mens *outonoom* is en bereid is om selfstandige besluite te neem waarvoor jy reken op die insig van jou gesonde verstand. Iemand wat nie outonoom is nie, is nie verantwoordbaar nie; ons roep nie 'n swaksinnige mens tot verantwoording oor slegte of immorele gedrag nie, want ons ag so 'n persoon nie toerekeningsvatbaar nie. Verantwoordbaarheid veronderstel outonomie. Maar outonomie beteken, andersyds, *nie bandeloosheid nie*. Daar is 'n verskil tussen outonomie en eiegeregtigheid. Terwyl 'n mens nie tot verantwoording geroep kan word sonder om outonoom te wees en as sodanig erken en gereken te word nie, beteken verantwoordbaarheid aan die ander kant juis dat elke outonoom gekose besluit of daad teenoor ander gemotiveer, gelegitimeer of geregverdig moet kan word.
3. Die derde punt wat ek oor verantwoordbaarheid wil maak, het te make met die vraag *wanneer die rekenskap wat van my geëis word, oortuigend is*. In hierdie verband sou ek wou steun op die belangrike insigte van Immanuel Kant oor die eis dat morele gedrag *universaliseerbaar* moet kan wees. My outonomie as menslike agent kry weliswaar eers volkome reliëf of betekenis as ek in staat is om nie alleen te besluit of te handel nie, maar so te besluit of te handel dat ek my besluit of handeling die norm sou kon maak vir enige ander agent wat in dieselfde situasie sou moes optree. Verantwoordbaarheid het dus baie te make met die ideaal van universaliseerbaarheid wat Immanuel Kant as die grondliggende eis vir alle moreel verantwoordelike gedrag gestel het: “Tree so op dat jy dit sou kon wil dat die reël of prinsiep wat jou gedrag bepaal, 'n universele wet kan wees”.<sup>3</sup> Verantwoordbaarheid is die bereidheid en vermoë om rekenskap af te lê van waarom dit wat ek glo, besluit of doen, die uitweg behoort te wees van elke rasonale en moreel besorgde agent wat sigself in my situasie bevind.
4. Verantwoordbaarheid beteken daarom, in die vierde plek, ook 'n *ingesteldheid waarin begrippe soos self-ondersoek en -kritiek, selfverwagting en voortgesette leer 'n belangrike rol sal speel*.<sup>4</sup> Verantwoordbaarheid is 'n waarde wat my vertrou in myself en my eie oordeel enersyds respekteer, maar andersyds ook relativeer. Ek is verantwoordbaar omdat ek 'n vrye, outonome en verantwoordelike agent is; ek mag en kan handel volgens die krag en

3 My vertaling van Kant se beroemde “kategorieëse imperatief”. Kant bied verskeie formulerings van hierdie “imperatief”, waarvan ek slegs die volgende twee bekendes aanhaal: “I ought never to act except in such a way that I can also will that my maxim become a universal law” (Kant, 1948:70), en “Act only on that maxim through which you can at the same time will that it should become a universal law” (Kant, 1948:88).

4 Die punt word, op 'n effens ander wyse, ook gemaak deur Rehr, 1979:5-12.

rigting van my oortuigings. Dat ek verantwoordbaar is, beteken egter nie dat elke antwoord wat ek sou verskaf op die appél om rekenskap af te lê vir my daad of besluite, onfeilbaar of onbevraagtekenbaar is nie. My verantwoordbaarheid is 'n erkenning van my feilbaarheid; as ek as 'mens nie 'n verskuldigde antwoord op 'n moontlike vraag is nie, dan is ek bloot 'n brute, onveranderlike feit waaraan daar nie verder salf te smeer is nie. Maar geen mens is 'n blote, brute feit nie. 'n Dier is wat hy is en tree op volgens instink en kondisionering. Maar nie die mens nie. Die mens is 'n antwoord op 'n vraag, homself vooruit, by homself betrokke, altyd meer as wat hy op 'n gegewe oomblik is. Soos Heidegger dit stel: in ons worsteling om mens te wees, gáán dit vir ons om wat ons is. As antwoorde op vrae kan ons daarom, by wyse van spreke, reg of verkeerd, gepas of ongepas, aanvaarbaar of onaanvaarbaar wees. Ons verantwoordbaarheid is daarom nie ons onfeilbaarheid nie; dis nie 'n reeks antwoorde wat altyd reg is nie. Ons verantwoordbaarheid is ons klimtog in 'n leerkurwe, ons groei na groter volwassenheid en dieper insig, ons nastreef van iets beter en meer volkome as wat ons ooit in werklikheid (kan) bereik.

5. 'n Vyfde vraag ten opsigte van die begrip "verantwoordbaarheid" is hoe, indien hoegenaamd, dit verskil van die begrip "verantwoordelikheid". Ek sou wou beweer dat die twee begrippe nou verwant is, sonder om identies te wees. Terselfdertyd sou ek wou argumenteer dat die betekenisaspek van verantwoordelikheid wat meer is as verantwoordbaarheid, nogtans 'n wesenlike kenmerk uitmaak van die professionele en morele selfverstaan van die maatskaplike werker, en daarom nie nagelaat behoort te word wanneer verantwoordbaarheid konseptueel geanaliseer word nie. Laat ek dit kortliks verduidelik.

Hans Jonas – een van die filosowe wat van die belangrikste werk oor die begrip "verantwoordelikheid" gedoen het - gee vir ons 'n bondige analise van die begrip se betekenis waarop ek gaan steun.<sup>5</sup> Die interessante is dat op elke punt van hierdie analise, behalwe die laaste een, verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid dieselfde beteken. *Eerstens*, sê Jonas, veronderstel die begrip verantwoordelikheid dat ons handeling so is dat hulle 'n aanduibare positiewe of negatiewe impak op die wêreld het of kan hê. Dieselfde moet veronderstel word t.o.v. verantwoordbaarheid. *Tweedens*, sê Jonas, moet ons veronderstel dat 'n agent se optrede meesal binne sy eie beheer is; as dit nie waar is nie, kan hy nie verantwoordelik of verantwoordbaar wees nie. *Derdens* veronderstel albei hierdie begrippe dat 'n agent die gevolge van sy daad kan voorsien; as ons nie 'n idee kan vorm van watter gevolge dit wat ons doen op ander mense en die wêreld het nie, kan ons kwalik so optree dat ons daarvoor verantwoordelik gehou kan word of daarvoor tot verantwoording geroep kan word.

*Vierdens* onderskei Jonas twee maniere waarop ons die begrip "verantwoordelikheid" gebruik, die eerste waarvan ook m.i. op verantwoordbaarheid van toepassing is, en die tweede nie. Die eerste van hierdie betekenis sou ons *formele* verantwoordelikheid kon noem. Dit beteken gewoon "being accountable for one's deeds, whatever they are" (Jonas, 1984:90). Hierdie betekenis omvat presies wat tot nou toe reeds oor verantwoordbaarheid gesê is: dit is 'n betekenis wat kan figureer in 'n juridiese konteks ("ek is verantwoordelik vir wat ek gedoen het en kan daarvoor vervolgd word") of in 'n morele konteks ("ek is verantwoordelik vir wat ek gedoen het en kan daarvoor geblameer word"). In albei gevalle is daar sprake van *skuld* as die implikasie van die nie-nakoming van verantwoordelikheid, en hierdie skuld kan, in sekere gevalle, selfs aanleiding gee tot die toediening en verduring van 'n verskeidenheid vorme van straf, wisselend vanaf tasbare straf soos gevangenisstraf, tot

---

5 Ek maak hier gebruik van Jonas 1984: 90-100.

emosionele straf soos gewetenswroeging. In 'n juridiese konteks kan die straf soms dien as kompensasië vir die skade wat gelei is as gevolg van die nie-nakoming van verantwoordelikheid, soos wanneer eise ingestel word vanweë 'n klag van seksuele teistering. Daarteenoor dien straf in 'n suiwer morele konteks dikwels nie die doel om kompensasië te verskaf nie, maar bloot om iets van die versteurde morele orde, wat veroorsaak is deur verbeurde verantwoordelikheid, te herstel (Jonas, 1984:91).

Tot op hierdie punt is daar geen betekenisverskil tussen "verantwoordelikheid" en "verantwoordbaarheid" nie. Die verskil kom wel in wanneer ons *substantiewe* verantwoordelikheid (Jonas, 1984:92 vv.) van formele verantwoordelikheid onderskei. In substantiewe verantwoordelikheid gaan dit nie primêr daarom dat ek tot verantwoording geroep word vir my daad nie, maar *dat ek verantwoordelikheid t.o.v. een of ander objek aanvaar*, en so verbind word tot sekere dinge wat ek ten behoeve van hierdie objekte moet doen. In hierdie sin is ek "verantwoordelik vir my kinders". Ek kan sekerlik tot orde geroep word indien ek ouerlike pligte versuim, maar lg. is 'n sekondêre betekenis van ouerlike verantwoordelikheid. Die primêre betekenis is dat ek erken dat hulle my "voorwerpe van sorg" is. Ek het teenoor hulle sekere pligte – pligte wat verder strek as beskikbaarheid wanneer hulle in nood is. Dat ek vir hulle verantwoordelik is, beteken dat ek dit op my neem om hulle op te voed en te laat opvoed, om geleenthede en stimulasie vir hulle te skep, om toe te sien dat hul talente ontwikkel word en hul persoonlikhede geslyp word. Om in dié sin "verantwoordelik" te wees, is daarby, soos Jonas argumenteer (1984:94 vv.), 'n "non-reciprocal" verhouding; dis nie 'n *kontrak* wat ek aangaan nie, maar 'n *plig* wat ek het, ongeag die respons of waardering van die party vir wie ek verantwoordelikheid aanvaar.

Hier bereik die betekenis van die begrip "verantwoordelikheid" 'n punt wat verder strek as blote verantwoordbaarheid. Natuurlik is deel van die oorweging waarom 'n mens substantiewe verantwoordelikheid aanvaar, die feit dat jy formeel tot verantwoording geroep kan word vir wat jy doen. Maar lg. is, weer eens, 'n sekondêre oorweging. Ek aanvaar nie primêr verantwoordelikheid, in die substantiewe sin, omdat ek verantwoording, in die formele sin, moet doen nie; *ek aanvaar substantiewe verantwoordelikheid ongeag die gevolge daarvan vir myself*; ek doen dit voluit vanweë 'n gegrepenheid deur die belange van die ander om wie dit gaan in die uitoefening van daardie soort verantwoordelikheid.

Dit is nou m.i. 'n interessante vraag of maatskaplike werkers se belang by die begrip verantwoordbaarheid eindig by die punt waar verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid nog saamloop, d.i. tot by die punt van *formele* verantwoordelikheid, en of dit nie moontlik ook so ver strek soos *substantiewe* verantwoordelikheid nie. Ek sou wou argumenteer dat, hoewel verantwoordbaarheid nie sonder meer verstaan moet word in die sin van substantiewe verantwoordelikheid, soos lg. hierbo verduidelik is nie, maatskaplike werkers, in die uitoefening van hul pligte, nie net kan volstaan met verantwoordbaarheid nie. Maatskaplike sorg is die samelewing se institusionele uitdrukking en aanvaarding van (ook) substantiewe verantwoordelikheid vir sekere noodlydendes in die samelewing, met name diegene wat sukkel om ekonomies te oorleef en om in gesonde en stabiele sosiale verhoudinge te funksioneer. Die samelewing is vir diesulkes "verantwoordelik" in die substantiewe sin van die woord, en maatskaplike sorg is die institusionele gestalte waarin daardie verantwoordelikheid aanvaar en uitgeoefen word. Daar kan sekerlik geargumenteer word dat *sekere aspekte* van hierdie sorg 'n kontraktuele dimensie het en dus ook pligte lê op die *mense* wat deur maatskaplike sorg bedien word. Maar uiteindelik is die maatskaplike werker die samelewing se gewete ten opsigte van sy verantwoordelikheid teenoor mense wat nie

meer sonder daadwerklike bystand sosiaal kan funksioneer nie, en dis 'n verantwoordelikheid wat uiteindelik nie ontduik kan word met behoud van morele integriteit nie.

Tot sover my baie rudimentêre analise van die begrip verantwoordbaarheid. Ek wil nou afsluit met enkele opmerkings oor diegene *teenoor wie ons*, veral in die konteks van maatskaplike sorg, verantwoordbaar is. *Eerstens* sou ons kon praat van 'n *administratiewe en/of juridiese* verantwoordbaarheid van die maatskaplike werker, en wel dan teenoor die wette en administratiewe reëls wat die professie se doen en late bepaal. Verantwoordbaarheid in hierdie verband het 'n noue korrelasie met genoegsame kundigheid; verantwoordbaarheid veronderstel en impliseer dat die maatskaplike werker behoorlik en genoegsaam opgelei is om te weet wat waar en wanneer wat gedoen moet word. 'n Kernvraag wat hier opduik is of die opleiding van maatskaplike werkers deurentyd verantwoordbaar is, d.w.s. op so 'n peil is dat, waar verantwoordelikheid vir 'n taak aanvaar moet word, die kundigheid daarvoor op die maksimum peil is.

'n *Tweede* instansie teenoor wie die maatskaplike werker verantwoordbaar is, is sy/haar werkgever of befondser. Ek sou hieroor wou praat as *politieke* verantwoordbaarheid. Die politieke dimensie kom veral na vore in die situasies waar die befondser die staat, en dus die belastingbetaler, is. Dan beteken die eis om verantwoordbaarheid dat die werk gedoen word op 'n wyse wat verdedigbaar is in terme van die verwagtinge en spelreëls van die befondser. Wat natuurlik opval, veral in die Suid-Afrika van die afgelope 20 jaar, is hoe die verwagtinge en spelreëls van die staat oor hierdie tyd dramaties verander het. Net 'n vlugtige deurbloei van die jongste Witskrif oor Maatskaplike Werk bring 'n mens bv. onder die indruk van hoeveel klem tans gelê word op begrippe soos "equity" en "redress", ook ten opsigte van maatskaplike dienste, veral in die lig van die ongelykhede van die verlede. Dit weerspieël veranderinge in die samelewing en in magstrukture waarmee nie almal in die land waarskynlik ewe veel sal saamstem nie, en dit roep die interessante vraag op of die maatskaplike werker verplig is om altyd die heersende ideologie van die teenswoordige regering te aanvaar in besluitneming oor prioriteite. Anders gestel, dit roep die vraag op of verantwoordbaarheid teenoor die staat as befondser politieke lojaliteit teenoor die regering van die dag vereis.

Die maatskaplike werker is, in die *derde* plek, ook verantwoordbaar teenoor sy/haar kollegas in die professie; ek noem dit *kollegiale* verantwoordbaarheid. Die begrip supervisie speel, soos ons almal weet, 'n baie belangrike rol in maatskaplike werk, en is, as verskynsel en praktyk, 'n aanduiding van die professie se premie op hierdie soort verantwoordbaarheid. In die literatuur wat ek kon raadpleeg word veel gewag gemaak van die belang van eweknie-beoordeling ("peer review") in die assessering van die gehalte van besluitneming en werk. Omdat daar in maatskaplike werk met mense gewerk word, mense se probleme en die komplekse oorsake daarvan gepeil moet word, en mense se hantering van daardie probleme beoordeel moet word, is hierdie soort verantwoordbaarheid van deurslaggewende belang. Ewekniebeoordeling is veral belangrik ten aansien van die soort risiko wat geloop word in die uitoefening van maatskaplike sorg. Maatskaplike dienste kan nl. vir 'n noodlydende die uitkoms wees wat sin en rigting in sy/haar lewe herstel, maar, as dit verkeerd hanteer word, kan dit vir dieselfde noodlydende aantoonbare skade berokken. Verantwoordbaarheid teenoor kollegas en supervisors is die professie se meganisme om die risiko van skade tot die minimum te beperk, asook die meganisme om maatskaplike diensleweraars se kapasiteit en besluitnemingsbevoegdheid optimaal te bou en te versterk.

Dit spreek, in die *vierde* plek, vanself dat die maatskaplike werker veral verantwoordbaar is teenoor sy/haar kliënt. Ek noem dit *professionele* verantwoordbaarheid. Die kliënt is die entiteit waarom dit in die ganse professie gaan. Soos hierbo ook geargumenteer is: die maatskaplike

werker is nie slegs verantwoordbaar teenoor die kliënt nie, maar neem inderwaarheid vir hom/haar verantwoordelikheid, ook in die substantiewe sin. Rehr wys in hierdie verband daarop hoe die maatskaplike werker, as professionele persoon, 'n verantwoordbaarheid het wat sigself onderskei van dié van 'n gewone werknemer wat in diens geneem word, opdragte moet uitvoer, inligting aan sy werknemer moet beskikbaar stel, en dit dan daar laat. "By contrast" skryf Rehr, "...the professional practitioner is primarily accountable to his clients, current and potential. He cannot avoid his responsibility for the quality of service he offers, whether given on his own as in private practice, or in conjunction with others as in a social agency or in a hospital" (Rehr, 1979:3-4). Wat ook al die loyaliteite teenoor werknemers en befonders, en wat ook al die streng vereistes van die reëls of wette, professionele diensleweraars kan hulself nooit losmaak nie van hul verantwoordelikheid teenoor die mens van vlees en bloed waarmee hulle te make het, en wat 'n aanspraak maak op aandag, hulp en sorg - ongeag wat die reëlboek voorskryf. Die uitoefening van egte verantwoordelikheid is dikwels iets wat vra om 'n soort kreatiwiteit wat 'n skuilhou agter reëls en regulasies te bowe behoort te gaan.

*Ten slotte* is die maatskaplike werker ook verantwoordbaar teenoor die basiese waardes in terme waarvan die professie beoefen behoort te word. Hier dink ek spesifiek aan waardes soos integriteit, eerlikheid, barmhartigheid ("compassion"), medemenslikheid, effektiwiteit, verdraagsaamheid en geregtigheid. Ek noem hierdie ingesteldheid *morele* verantwoordbaarheid. Hier is wat van die maatskaplike werker verwag word om verantwoording te kan doen oor die aanvaarbaarheid en wenslikheid van besluite en optredes in die lig van waardes en norme wat enersyds op alle menslike gedrag van toepassing behoort te wees, maar wat andersyds aan die maatskaplike praktyk in besonder die edel status gee wat dit het of behoort te hê. Die instansie wat hier om 'n antwoord vra, is nóg die wette en reëls, nóg die befondser of werkgewer, nóg kollegas, nóg selfs die kliënte. Wat hier om 'n antwoord vra, is die *gewete*. As antwoord op die vraag van die gewete, kom die maatskaplike werker te staan voor 'n gesag en 'n appél wat al hierdie instansies te bowe gaan en wat vereis dat, as 'n besluit geneem en 'n optrede volvoer is, 'n mens, benewens met baie ander instansies, *veral ook met jouself moet kan saamleef*. Wie en wat in hierdie finale sin verantwoordbaar is, is die gelukkige mens wat, in Bybelse terme, wel soms die gevaar loop om die hele wêreld nie te wen nie – trouens, dit selfs moontlik te verloor - maar wat tog sy siel in die proses behou het. Wie so optree leef met integriteit omdat hy getrou is, nie aan die grille en giere van sy wisselvallige voorkeure nie, maar aan waardes wat die toets van die tyd en die aansprake van die gewete oorleef het, en wat daarom sin bring in 'n lewe wat nie gewen word deur dit vir sigself te probeer behou nie, maar wat juis gewen word deur dit te verloor in diensbaarheid aan die ander.

## BIBLIOGRAFIE

BRITS, E 2002. Polisieverslag stil-stil bekend gemaak. *Die Burger*, 23 September 2002.

ESTERHUYSE, WP 2001. Business Ethics. (Ongepubliseerde aanbieding)

JABBRA, JG & DWIVEDI, OP (eds) 1989. *Public service accountability*. West Hartford: Kumarian Press.

JONAS, H 1984. *The imperative of responsibility*. Chicago: The University of Chicago Press.

KANT, I 1948. *Groundwork of the metaphysic of morals*. (Tr. HJ Paton) New York: Harper Torchbooks.

MAGEE, B 1973. *Popper*. London: Fontana/Collins.


POPPER, K 1945. *The open society and its enemies* (2 volumes). London: Routledge & Kegan Paul.

REHR, H 1979. *Professional accountability for social practice*. New York: Prodist.

ROSSOUW D 2002. *Business ethics in Africa*. Cape Town: Oxford University Press.

SHAW M & CAMERER L 1996. *Policing the transformation: new issues in South Africa's crime debate*. Halfway House: IDP Monograph Series, no. 3, April.

VAN NIEKERK, AA 1999. Gesigspunte oor die demokrasie in 'n transformerende Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 39(2):111-117.



## share in our passion for quality care and personalised service

Thousands of professionals have chosen Beresford Blake Thomas, the global recruitment consultancy, to help shape their career. If you are considering work overseas, we can help you use your existing training as your ticket to the world, and allow you to reap the rewards of your accumulated international experience when you return home.

With an international network of offices, BBT has the greatest choice of opportunities available for you. Our personalised services to all professionals include:

- Organising work around travel schedules
- Excellent rates and salaries
- Assistance with registering with the relevant professional body
- Accommodation assistance
- Opening bank accounts, Visa advice
- Outstanding benefits for temporary positions
- Obtaining work permits
- Continuous support

To discuss the international opportunities available to you, contact our South African co-ordination teams in Johannesburg or Cape Town who will support you through the process.

**Beresford Blake Thomas**  
PO Box 785553, Sandton 2146  
Tel: 011 881 5443 Fax: 011 881 5528  
Email: bbt@mweb.co.za

3rd Floor, Safmarine House  
22 Riebeeck Street, Cape Town 8001  
Tel: 021 410 8706 Fax: 021 410 8809  
Email: bbt\_ct@mweb.co.za



BBT are an Equal Opportunities Employer

[www.bbt.co.uk](http://www.bbt.co.uk)

Birmingham • Bristol • Croydon • Glasgow • Leeds • Liverpool • London • Manchester • Newcastle  
Nottingham • Dublin • Cape Town • Johannesburg • Melbourne  
A member of the Select Appointments (Holdings) Group of Companies